Verniwouden - 1727

Van der Walt Familiebond

NUUSBRIEF

van die

Van der Walt Familiebond

Jaargang 24, nr 1, December 2008

Adres van Familiebond:
Posbus 40,
Potchefstroom, 2520
Tel: (018) 293-4000
Faks: (018) 293-4030
E-pos: krause@PMiller.co.za

Bestuur 2008-2009

Voorsitter
Krause van der Walt
Redakteur
Ockie van der Walt

Ander lede
Maarten van der Walt en
Rennie van der Walt

Inhoud

Redakteur 1
Finansiële Jaarstate 1
Stamregister 1
Herdenking:
Johannes van der Walt 100jr 2
Ons groet 'n
groot Zimbabwiër 3
Brief van
Zannie van der Walt 3
Susan raak
vrou-alleen vir plase baas 4
Die misterie
van Koringsirkels 5
Help asseblief! 6
Advertensie 7

Redakteur

Okkie sien nie meer sy weg oop om as redakteur op te tree nie. Ek het noodgedwonge hierdie uitgawe behartig maar omdat my joernalistieke kennis kortskiet, versoek ek dringend dat van die Bondgenote na vore kom om die funksie van redakteur oor te neem. Kontak asb. die Bond.

Die bond wil al sy lede `n geseënde Kersfees en `n voorspoedige – en gesonde 2009 toewens.
Krause van der Walt

Finansiële Jaarstate

Finansiële verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2007

Inkomste		5,444
Ledegeld	4,204	
Rente	1,240	
Uitgawe		82
Bankkoste	82	
Netto Inkomste		5,362
Eie fondse		
Begin saldo		17,310
Eindsaldo		**22,672**
Spaarrekening	6,181	
Belegging	16,491	

Stamregister

Die Bond en vangenote gee graag erkenning aan Christie Van der Walt wat `n leeftyd wy aan die opstel van 'n Van der Walt-stamboom van onskatbare waarde.

Die Bond is dankbaar vir die persoonlike opoffering en passie wat hy aan die dag lê met die opstel en byhou van die unieke databasis waarop hy vanselfsprekend kopiereg geniet. Ons ondersteun hom graag om dit verder uit te brei en so volledig moontlik te maak. Lede moet asb. inligting van hul nageslagte deurgee dat dit in die register opgeneem kan word. Talle genealoë het al sonder sukses probeer om so 'n omvangryke stamregister by te hou.

Die omvang van sy werk word deur navorsers van ander stamname as gesaghebbend aanvaar en gebruik. Die Bond is in gesprek met Christie om die stamregister in wyer kring beskikbaar te stel. Ons het twee eksemplare van die stamregister, wat in 1998 gepubliseer is. Dit was die laaste drukoplaag. U kan

dit van die Bond aankoop teen R400,00 stuk. Die nuutste stamregister is op rekenaarskyf, en kan van Christie bestel word.

Herdenking: Johannes van der Walt 100 jaar

Die beroemde stoeier Johannes van der Walt sou vanjaar sy 100 ste geboortedag herdenk het. Ons ontvang gereeld navraag vir inligting oor Johannes van der Walt, hetsy oor gebeure rondom sy dood of navraag oor sy nageslag.

Die Noordwes Universiteit het dit goedgedink om die nalatenskap van Johannes te gedenk deur 'n uitstalkas by die sport instituut op te rig. Ons dank aan Okkie en Hannes vir hul bydrae om dit moontlik te maak.

Die uitstalling by die Noordwes Universiteit

Die loopbaan van Johannes van der Walt

Na Johannes se dood en begrafnis soos gepubliseer in die Transvaler van 25 Maart 1943 was daar wye reaksie van die publiek om meer van sy lewe te wete te kom. Die Voortrekkerspers Bpk. het goedgunstig ingestem om 'n klein boekie te druk. Hier volg enkele uitreksels uit die boek getitel: Johannes van der Walt se LEWE, LYDING en STERWE.

Die sportredakteur van Die Burger het geruk soos hy skrik toe 'n fors gestalte, van wie die breë skouers die nate van sy baatjie laat span, skielik in die deur van sy kantoor verskyn het.

Hy het geskrik omdat geen gesig sigbaar was nie. Alleen twee oë het gefonkel deur die gate in 'n gitswart masker wat die hele kop bedek het en wat alleen 'n gleufie vir die mond en neus gelaat het. "Maak kennis met die Gemaskerde Wonder," het Henry Irslinger, wat juis toe saam die kantoor binnegetree het, aan die verblufte joernalis gesê. Die onderhou wou nie vlot nie. Johannes wou ook maar nie in die val trap wat behendige persmanne, wat wou sekermaak dat daar geen grond was vir die gerug dat hy 'n Afrikaner was, vir hom gestel het nie.

Aan uitdrukkingsvermoeë het dit die nuwe stoeier egter nie ontbreek toe hy eenmaal die stoeikryt betree het nie. "Hierdie kêrel is 'n wonder, waar genoeg," was die algemene perskommentaar na sy eerste optrede in Kaapstad.

Sy roemryke prestasies

As 'n mens in Suid-Afrika aan stoei dink, dan dink jy dadelik aan Johannes van der Walt. In die dae voordat hy op die toneel verskyn het en toe manne soos Bob (Bullet) Myers, George Boganski, Henry Islinger, Wiskers Blake en Joe Gotch gereeld hier teen mekaar opgetree het, was stoei, soos oorsese manne dit uitgebeeld het, 'n aantreklike vermaak wat die mense graag bygewoon het, maar waarin hulle nie eintlik 'n persoonlike belang by gehad het nie. Maar toe kom daar 'n gestalte wat al gaande sy skadu oor die lengte en breedte van die land gewerp het, 'n gestalte wat in 'n swart masker gestoei het en nooit geklop kon word nie.

Stadig maar seker het die Suid-Afrikaanse stoeigeesdriftige sy ore gespits en sy oë gerek – hierdie man was iemand, so het hulle verklaar, wat nie van oorsee gekom het nie.

Irslinger het ingewillig om Johannes se bestuurder te word, mits die Suid-Afrikaner eers toon dat hy hom kon klop. Die twee het in Durban teen mekaar te velde getrek en Johannes het in die geheim iets in die mou vir sy teenstander gevoer: die volstuisskop. Irslinger het daardie aand eers hiernatoe gewyk, dan daarna toe, maar op oulaas het hy hom plaps in 'n volmaakte volstruisskop vas geloop en vir oomblikke lank het hy gelê en luister hoe die voëltjies om sy ore fluit. Dit was die Gemaskerde

Wonder se eerste oorwinning.Drie gevegte teen Tom Alley het gevolg. Johannes het twee gewen en een gelykop.

Teen Die Mormoon het hy gelyk op gestoei.

Daarna het 51 gevegte gevolg waarvan hy net drie verloor en vier gelykop gestoei het.

Op 16 November 1935 haal hy sy masker af nadat hy Mamos in Durban geklop het.

Oorsee het hy met 37 gevegte net een verloor.

Die Griek Jim Landos het hom egter voor 'n skare van 95, 000 geklop.

Hierna het die redakteur van "The Ring" hom vyfde beste stoeier in die wêreld gerangskik.

Besoek gerus ons webwerf by www.vanderwalt.org.za vir bykomende inligting oor Johannes.

Johannes as stoeier

"Toe Van der Walt, jong, ruk jou los. Jy is mos 'n Boerklong"

Ons groet 'n groot Zimbabwiër

Kleinkinders van Oom Sarel Kwekwe het laat weet dat hul oupa oorlede is. Ons sal aan hom dink vanweë sy aktiewe bydrae tot die stigting van die Van der Walt Bond en sy gereelde bydraes in die nuusbrief. Ons mis 'n baie kleurryke figuur wat sy lewe lank in Zimbabwe gebly het.

Uit die nuusbrief van Junie 1994 haal ons aan: "In meer as die letterlike sin van die woord is mnr. S.P. van der Walt (Oom Sarel Kwê Kwê) 'n voorposbaanbreker."

Nie alleen was hy die eerste Van der Walt wat in die destydse Rhodesië gebore is nie, maar die grootste deel van sy volwasse lewe het hy hom beywer vir die belange van sy stam, soseer dat 'n mens in die Voorwoord van die Stamregister, Die familie Van der Walt in Suid Afrika, lees dat Oom Sarel die dryfkrag agter die samestelling van hierdie kosbare dokument was. Hy is een van dié wat die fondament gelê het waarop ander kon voortbou, totdat die RGN in 1989 die boek kon oorhandig op daardie saamtrek wat ten einde van genoemde jaar in Potchefstroom plaasgevind het.

Sarel Petrus Jacobus Boosen van der Walt (b4c15d3e3f6g2) en sy vrou Rhodina Zietsman

Brief van Zannie van der Walt

Dit is so lekker om 'n Van der Walt te wees, want ons is net soos kougom. Kou dit goed en rek dit – net voor hy breek is ons almal familie.

Dankie vir die nuusbrief wat vir ons al die lekker huus deurgee.

Ek het amper 30 jaar geboer op die plaas van kommandant Tjaart van der Walt se tweede seun wat ook die naam Tjaart van der Walt gehad het. Die oubaas het twee seuns met die naam Tjaart gehad. Dit was baie verwarrend. Dit het so gebeur: nadat die eerste seun Tjaart oorlede is, is sy eerste seun wat daarna gebore is, ook Tjaart Johannes gedoop.

Kommandant Tjaart se weduwee is weer getroud met 'n Barnard. Die storie wat volg is deur my pa se broer, ook 'n Tjaart Johannes, aan my vertel. Na kommandant Tjaart se vrou se dood sou die seun Tjaart die eienaar van die plaas word. Vir sy stiefpa was dit te veel om te sluk en hy het begin planne maak om die plaas vir homself te kry. Eendag terwyl hulle in die veld stap, het oubaas Barnard sy kans waargeneem en probeer om Tjaart te vermoor. Hy was nie suksesvol nie, maar in die proses het die oubaas sy been gebreek. Al persoon wat hom kon help om weer by die huis te kom, was sy stiefseun Tjaart.Uiteindelik het Tjaart die plaas geërf. Die voorval in die veld met sy stiefpa, kon maar nie uit sy kop kom nie. Hy het dus die plaas verkoop en die plaas Schoongezicht gekoop, waar hy en sy nageslag geboer het tot 1990.

Daar lê baie lekker stories op die plaas Schoongezicht rond. As u daarvan wil hoor, spreek my aan.

Groete
Zannie van die Walt
A.E. van der Walt

Beeld berig

Susan raak vrou-alleen vir plase baas...

'n Jong beesboer van Alldays in Limpopo het bewys dat sy gelyktydig vrou-alleen op vier plase kan boer. Me. Susan van der Walt (29) van die plaas Draaihoek is onlangs as die Vroue-Landbou-unie (VLU) se boervrou van die jaar in die noordelike streek aangewys. Met dié toekenning het sy ook R10 000 se prysgeld gewen. Van der Walt boer al die afgelope sewe jaar met beeste op vier plase, waarvan een plaas haar eie is. Dié skamerige boer is baie beskeie oor haar toekenning en haar boerdery.

"Ag, ek het net 'n verslag van my boerdery by die VLU ingedien. Die deelnemers is op grond daarvan beoordeel." Van der Walt boer al vandat sy op 22 'n kursus in diereproduksie aan die destydse Technicon Pretoria voltooi het.

Tans het sy 150 beeste, waarvan 120 Bonsmaras is. "Boerdery vereis baie geloof. Dit is al wat help as dit nie reën nie. My pa gee ook dikwels raad as ek moedeloos raak wanneer dit droog is."

Van der Walt se pa, mnr. JJ van der Walt, boer self al die afgelope 50 jaar in dié distrik. "Ek was maar nog altyd 'n plaaskind en ek het ook altyd beter met diere as met mense oor die weg gekom," sê sy en lag weer skamerig.

Besoek van Dennis Luck

In `n vorige nuusbrief het ons `n artikel gepubliseer oor Susanna Aletta Dorothea van der Walt. Sy is in 1904 in Potchefstroom met George Burvill Luck,`n Engelse bouer, getroud.

Haar kleinseun het ons onlangs van Ohio af besoek. Ons het hom die Ou Gereformeerde Kerkie gaan wys waar sy ouma getroud is. . .

Die Amerikaner, Dennis en Joan Luck, saam met Suid Afrikaanse vriende

Rapport berig

Die misterie van Koringsirkels

'n Voorbeeld van 'n koringsirkel

Toe mnr. Hennie van der Walt (65) in 1990 'n sirkel in 'n koringland duskant die Heathrow-lughawe vanuit die stuurkajuit van 'n Boeing 747 gewaar, sou hy nooit kon raai dat hy sewentien jaar later tussen 'n klomp professore, doktors, hippies en ander " afwykendes" by die Crop Circle Convention sou sit nie.

Trouens, sedert 1994 het die oud-kaptein in die Suid-Afrikaanse Lugdiens nie 'n enkele koringsirkel-konferensie misgeloop nie.

By die byeenkomste, wat vanjaar by die Marlborough-kollege in Engeland gehou is, het Van der Walt met mening saam gesels oor die nuutste teorieë, tendense en boodskappe van die sirkelvormige patrone wat jaarliks wêreldwyd oornag in boere se landerye ontstaan.

Sommige mense meen die sirkels word deur energie in die aarde gevorm. Ander sê dis boodskappe uit die buitenste ruim.

Nog 'n verklaring – dat dit die werk van grapjasse is – kan eenvoudig nie altyd waar wees nie, sê Van der Walt.

"Dit begin elke jaar in Japan en beweeg wes totdat dit teen Junie 'n hoogtepunt in die weste van Engeland bereik," vertel die oudburgemeester van Edenvale en deesdae 'n raadslid van die Ekurhuleni-metrogebied.

En wat 'n toeval was dit nie toe Van der Walt vroeër vanjaar op 'n Britse plaas stilhou om na 'n sirkel te kyk en agterkom die nuutste sirkels is op 'n Afrikaner se grond gevorm nie.
"Daar was 'n jong lat agter die stuur van 'n trekker wat gesê het sy pa gaan hom doodslaan as hy mense toelaat om na die sirkels te kom kyk, want hulle vertrap die koring. "Hy het vertel dit het oornag gebeur."

Die raaiselagtigheid van koringsirkels lê juis in die skielike vorming daarvan. In die somer sak die son baie laat in Engeland en kom vroeg op en binne etlike ure word sirkels koring met 'n deursnee van tot 300 m platgevee.

Die kompleksiteit en simmetrie van die patrone maak die verskynsel net nog raaiselagtiger.

Die vreemdste koringsirkel wat van der Walt gewaar het, was in Milk Hill, Wiltshire, in 2001, waar 409 sirkels koring binne vier uur platgevee is.
Die plat koring was inmekaar gevleg dat g'n mens dit in so 'n kort tyd sou kon doen nie, vertel hy.

En 409 is 'n priemgetal – 'n syfertipe wat gereeld in die sirkels opduik."Die statiese elektrisiteit in die koring het die hare op my arms laat rys.

"Mense se selfone het in die sirkels morsdood gegaan." Hy vertel die energie in so 'n sirkel kan so sterk wees dat 'n kompas op 'n keer vanuit alle hoeke na die middelpunt van die sirkel gewys het. Sirkelpatrone ontstaan nie net in koringlande nie, maar ook in landerye met ander gewasse, in sand, sneeu en selfs op die seebodem, vertel Van der Walt.
Die oes is meestal steeds bruikbaar nadat dit platgevee is.Hy haal 'n koringsteel uit sy sak en wys waar die een of ander straal dit net bo 'n lit laat knak het.

"Mens kan maklik sien 'n sirkelpatroon is mens gemaak as dit op rekenaargrafika gegrond is en die koring nie gebuig en gebrand is nie."

En ja, hy wag vir die dag dat hy ook in Suid-Afrika na sulke sirkels sal kan kyk.

Raadslid Hennie van der Walt

Help asseblief!

Johan Myburg vra inligting oor sy biologiese ma:

"Ek is gebore Steward Van der Walt en my ma (Rose Van der Walt) het my laat aanneem in Springs in 1972. My ouers het my toe Johan Myburgh herdoop.

Ek probeer my biologiese ma opspoor en hoop julle sal kan help."

Ek kan gekontak word deur die Van Der Walt Familliebond.

Inligting gevra

Johan van der Walt vra:

"Ek is opsoek na 'n boekie oor die nageslag van Kommandant Tjaart van der Walt en enige ander inligting oor die beroemde kommandant.

Ek sal graag ook wil kontak maak met die nageslag van:

b02c03d02e05f03g04
STEPHANUS ALIDARUS *Middelburg KP ca.1883 †Welkom 03.09.1953 **X** Middelburg KP, Hendrina Francina Lucia **LESSING** *Middelburg KP ca.1884 †Bloemfontein 25.08.1929 d.v. Barend Lessing

b02c03d02e05f03g04h01
HENDRIK STEPHANUS *18.09.1909

b02c03d02e05f03g04h02
JOHANNES BAREND *14.03.1914

b02c03d02e05f03g04h03
MARGARETHA LESSING *12.09.1920

b02c03d02e05f03g04h04
ALIDA JOHANNA ALETTA *05.12.1924 X Johannes Lodewikus Marais **WELGEMOED**

Stephanus Alidarus, bo aan die lys het twee broers en 'n suster gehad. Hulle het op die plaas Barenskraal, suid van Middelburg Kaap groot geword. As enige van hulle kinders die name erken sal ek dit hoog op prys stel as hulle my kan kontak by 083 632 0159 of kantoor ure by (035) 902 7524 of e-pos vanderwalt3@telkomsa.net

*Hendrik Stephanus Johannes *ca.1876, NICOLAAS Tjaart *Middelburg KP ca.1880 en Stephanus Alidarus *Middelburg KP ca.1883 (Die suster was Anna Johanna *Middelburg KP ca.1877)*

Ledegeld
Die ledegeld beloop R60 per jaar.

Pos dit asb aan:
Posbus 40
Potchefstroom
2520

Nuusbrief is geborg deur

MEYER VAN DER WALT
PROKUREURS NOTARISSE AKTEVERVAARDIGERS

▪ PROKUREURS ▪ NOTARISSE ▪ AKTEVERVAARDIGERS ▪

- Registrasie van Transporte
- Verbandregistrasies
- Boedeltransaksies
- Onderverdeling en konsolidasies van erwe en
- Deeltitel en Voltitel ontwikkelings

'n Dinamiese span wat u persoonlik en professioneel bystaan

EIENDOM EN AKTEVERVAARDIGER PROKUREURS

▪ TEL 018 293 2901
▪ FAKS 018 293 2908
▪ EPOS info@meyervanderwalt.co.za
RETIEFSTRAAT 66 POTCHEFSTROOM

Uitleg gedoen deur Karenien van der Walt